

Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief – ‘n Metodologiese ondersoek

deur

*PIETER DE KLERK**

1. Inleiding

Daar het vanaf die sestigerjare ‘n hele aantal wetenskaplike studies verskyn waarin aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met die geskiedenis van ander lande vergelyk word. L. Hartz se *The founding of new societies*¹ was ‘n baanbrekerswerk waarin daar historiese vergelyking tussen Suid-Afrika, die Verenigde State van Amerika, Kanada, die Latyns-Amerikaanse lande, Australië en Nieu-Seeland gedoen is. In die tagtiger- en negentigerjare het die getal vergelykende studies heelwat toegeneem. Vergelykinge ten opsigte van die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis is veral gewild, soos blyk uit die werke van Boucher, Fredrickson, Lamar & Thompson, Cell, Gump, Beinart & Coates en Marx.² Die groot aantal vergelykende studies wat

Prof. Pieter de Klerk is hoof van die vakgroep geskiedenis in die Skool vir Basiese Wetenskappe van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Vaaldriehoekkampus. Sy mees onlangse publikasie is “Afrikaners en Nederlanders: stamverwant?” in *Koers*, 63(4), 1998. Hy is tans betrokke by ‘n navorsingsprojek oor die geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

- L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies* (Harcourt & Brace, New York, 1964).
2. M. BOUCHER, “The frontier and religion” in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 31(2), 1968, pp. 1-113; G.M. FREDRICKSON, *White supremacy. A comparative study in American and South African history* (Oxford University Press, Oxford, 1981); G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa* (Oxford University Press, Oxford, 1995); H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared* (Yale University Press, New Haven, 1981); J.W. CELL, *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South* (Cambridge University Press, Cambridge, 1982); J.O. GUMP, *The dust rose like smoke: the subjugation of the Zulu and the Sioux* (Nebraska University Press, Lincoln, 1994); W. BEINART en P. COATES, *Environment and history. The taming of nature in the USA and South Africa* (Routledge, Londen, 1995); A.W. MARX, *Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil* (Cambridge University Press, Cambridge, 1998).

handel oor Suid-Afrika en die VSA is moontlik deels die gevolg van die opvallende parallelle tussen die geskiedenis van hierdie twee lande, maar is waarskynlik ook te danke aan die feit dat daar baie Amerikaanse historici is wat hulle met vergelykende geskiedbeoefening besig hou. Daar is egter ook werke waarin Suid-Afrika vergelyk word met Kanada,³ Argentinië,⁴ Brasilië,⁵ Australië en Nieu-Seeland⁶ en Israel.⁷

In watter opsigte lei werke soos hierdie tot beter kennis en begrip van die Suid-Afrikaanse geskiedenis? In hierdie artikel sal gepoog word om enkele aspekte van die vraag te beantwoord deur kortlik te besin oor vergelykende metodes en hul waarde vir die geskiedskrywing en dan 'n kort evaluering van bogenoemde werke in die lig van hierdie besinning te doen.⁸ Daar word nie gepoog om 'n volledige oorsig van al die studies waarin Suid-Afrikaanse

-
- R.A. HUTTENBACK, *Racism and empire. White settlers and colored immigrants in the British self-governing colonies, 1830-1910* (Cornell, Ithaca, 1976); J. NOVEK, *Cooperation and conflict in dual societies: a comparison of French Canadian and Afrikaner nationalism* (International Center for Research on Bilingualism, Quebec, 1977); J. EDDY en D. SCHREUDER (Reds.), *The rise of colonial nationalism. Australia, New Zealand, Canada and South Africa first assert their nationalities, 1880-1914* (Allen & Unwin, Sydney, 1988).
- D. DENOON, *Settler capitalism. The dynamics of dependent development in the Southern hemisphere* (Clarendon, Oxford, 1983).
- G.W. SEIDMAN, *Manufacturing militancy: workers' movements in Brazil and South Africa, 1970-1985* (University of California Press, Berkeley, 1994); A.W. MARX, *Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil*.
6. R.A. HUTTENBACK, *Racism and empire. White settlers and colored immigrants in the British self-governing colonies, 1830-1910*; D. DENOON, *Settler capitalism. The dynamics of dependent development in the Southern hemisphere*; J. EDDY en D. SCHREUDER (Reds.), *The rise of colonial nationalism. Australia, New Zealand, Canada and South Africa first assert their nationalities, 1880-1914*.
7. R. GREENSTEIN, *Genealogies of conflict. Class, identity and state in Palestine/Israel and South Africa* (Wesleyan University Press, Hanover, NH, 1995).
8. 'n Bespreking van enkele vergelykende studies oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is reeds gedaan deur Greenstein in sy "The study of South African society: towards a new agenda for comparative historical inquiry" in *Journal of Southern African Studies*, 20(4), 1994, pp. 641-661. Sy artikel is egter hoofsaaklik daarop gerig om vergelykende navorsing waarin aandag gegee word aan bepaalde aspekte, soos identiteitsvorming en die rol van inheemse groepe daarin, te ondersoek. G. CUTHBERTSON behandel in sy artikel "From white supremacy to black liberation: intellectual lineages from South Africa in the making of America" in *Kleio*, 31, 1999, pp. 99-116, enkele aspekte van vergelykende geskiedskrywing ten opsigte van die VSA en Suid-Afrika sonder om op die metodes wat in besondere werke gevvolg word, in te gaan.

geskiedenis in vergelykende perspektief behandel word te verskaf nie⁹ en ook nie om die verdienstes en tekortkominge van die studies waarna wel verwys word volledig te bespreek nie.

2. Vergelykende metodes en vergelykende geskiedskrywing

Raymond Grew, historikus en voormalige redakteur van die tydskrif *Comparative Studies in Society and History* het by geleenheid opgemerk:

Not only is comparison not a method, but ‘comparative history’ is a term better avoided.¹⁰

Volgens hom behoort vergelyking nie aan ‘n bepaalde metode verbind te word nie. Historici dink steeds vergelykend, maar behoort dit meer bewustelik en op ‘n groter skaal te doen.¹¹ Aan die ander kant het daar vanaf die sestigerjare verskeie publikasies verskyn wat handel oor die metodologie

-
9. Dit is veral moeilik om ‘n onderskeid te maak tussen werke wat in die eerste plek geskiedwerke is en werke wat meer op die terrein van die sosiologie en die politieke wetenskap tuishoort. Die volgende werke wat vergelykend van aard is, maar waarin vergelyking ten opsigte van die geskiedenis ‘n minder belangrike rol speel, word daarom buite beskouing gelaat: S. GREENBERG, *Race and state in capitalist development. Comparative perspectives* (Yale University Press, New Haven, 1980); H. GILIOMEÉ en J. GAGIANO (Reds.), *The elusive search for peace. South Africa, Israel and Northern Ireland* (Oxford University Press, Kaapstad, 1990); S. RYAN en D. WILL, *Israel and South Africa: legal systems of settler dominance* (Africa World Press, Trenton, NJ, 1990); U. VAN BEEK (Red.), *South Africa and Poland in transition. A comparative perspective* (HRSC Publishers, Pretoria, 1995); K. DARIAN-SMITH, et al., *Text, theory, space. Land, literature and history in South Africa and Australia* (Routledge, Londen, 1996). Die versamelwerk wat onder redaksie van R. GREENSTEIN verskyn het, naamlik *Comparative perspectives on South Africa* (Macmillan, Londen, 1998) bevat ook net enkele kort bydraes wat van historiese aard is. Kort vergelykende studies wat in die vorm van artikels verskyn het, word ook buite rekening gelaat. Van die belangrikste kort studies wat in tydskrifte verskyn het, is: H. GILIOMEÉ, “Democracy and the frontier. A comparative study of Bacon’s Rebellion (1676) and the Graaff-Reinet Rebellion (1795-1796)” in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 6, 1974, pp. 30-51; J.E.H. GROBLER, “Die rol van bevrydingsteologie in politieke aktivisme in Suid-Afrika en Nicaragua: ‘n histories-vergelykende analise”, in *Joernaal vir Etiydse Geskiedenis*, 16(1), 1991, pp. 62-95; P.H. KAPP, “Nasionalisme en neutralisme en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. ‘n Vergelyking van die faktore en omstandighede wat ontwikkelings in die VSA, Suid-Afrika en Ierland bepaal het” in *Historia*, 36(1), 1991, pp. 56-72; N. WORDEN, “Diverging histories: slavery and its aftermath in the Cape Colony and Mauritius”, in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 27, 1992, pp. 3-25; P. CURTIN, “Location in history: Argentina and South Africa in the nineteenth century” in *Journal of World History*, 10(1), 1999, pp. 41-92. Die artikels van Grobler en Kapp is oorspronklik in 1990 as voordragte gelewer op ‘n konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap wat vergelyking in die Suid-Afrikaanse geskiedenis as tema gehad het.
10. R. GREW, “The case for comparing histories” in *American Historical Review*, 85, 1980, p. 777.
- Ibid.*, p. 776-777; R. Grew, “On the current state of comparative studies” in H. AITSMA en A. BURGUÈRE (Reds.) *Marc Bloch aujourd’hui. Histoire comparée et sciences sociales* (Ecole des Hautes Etudes, Parys, 1992), pp. 326, 331-332.

van vergelykende geskiedskrywing.¹² Uit hierdie studies blyk dat daar uiteenlopende menings bestaan oor die aantal vergelykende metodes wat onderskei kan word en die waarde wat hul vir die geskiedskrywing het.

In hierdie literatuur kom tog bepaalde gemeenskaplike elemente na vore. Vergelyking behels die vind van ooreenkoms en verskille. Wanneer vergelyking gerig word op die vind van verskille, word die unieke eienskappe van 'n bepaalde gebeurtenis, ontwikkeling, instelling of periode belig. Na hierdie soort vergelyking word soms as individualiserende vergelyking verwys.¹³ Wanneer die vergelyking gerig is op die vind van ooreenkoms, kan verskillende soorte ooreenkoms gevind word, wat hoofsaaklik in twee groepe verdeel kan word. Die ooreenkoms kan eerstens beteken dat die gebeurtenisse en ontwikkelinge waartussen daar bepaalde ooreenkoms bestaan, deel is van 'n groter geheel of samehang, of, tweedens, dat hulle behoort tot 'n bepaalde algemene kategorie of beantwoord aan dieselfde algemene reël. Vergelyking wat gerig is op die vind van groter samehang word deur Schieder¹⁴ sintetiserende vergelyking genoem en deur Mandelbaum¹⁵ genetiese vergelyking. Vergelyking gerig op die vind van algemene wette of reëls word deur metodoloë aangedui as generaliserende of

-
12. Onder meer: T. SCHIEDER, *Geschichte als Wissenschaft; eine Einführung* (Oldenbourg, München, 1965); W.H. SEWELL, "Marc Bloch and the logic of comparative history" in *History and theory*, 6, 1967, pp. 208-218; P. DE KLERK, *Geschiedenisvergelyking. Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde* (Pro Rege, Potchefstroom, 1973); M. MANDELBAUM, "Some forms and uses of comparative history" in *American Studies International*, 18, 1980, pp. 19-34; H.J. PUHLE, "Theorien in der Praxis des vergleichenden Historikers" in J. KOCKA en T. NIPPERDY, (Reds.), *Theorie und Erzählung in der Geschichte* (DTV, München, 1979), pp. 119-136; T. SKOCPOL en M. SOMERS, "The uses of comparative history in macrosocial inquiry" in *Comparative Studies in Society and History*, 22, 1980, pp. 174-197; C. TILLY, *Big structures, large processes, huge comparisons* (Russell Sage Foundation, New York, 1984); C. Ragin, *The comparative method. Moving beyond qualitative and quantitative strategies* (University of California Press, Berkeley, 1987); A.A. VANDENBRAEMBUSSCHE, "Historical explanation and the comparative method: towards a theory of the history of society" in *History and Theory*, 28, 1989, pp. 1-24; P. McMichael, "Incorporating comparison within a world-historical perspective: an alternative comparative method" in *American Sociological Review*, 55, 1990, pp. 385-397; J. KOCKA, "Comparative historical research: German examples" in *International Review of Social History*, 38, 1993, pp. 369-379; H.S.J. Jansen, "De voorwerpen van vergelyking. Op zoek naar een nieuwe vergelijkingstypologie" in *Tijdschrift voor Geschiedenis*, 110, 1997, pp. 329-356; C. Lorenz, "Comparative historiography: problems and perspectives" in *History and Theory*, 38, 1999, pp. 25-39.
 13. T. SCHIEDER, *Geschichte als Wissenschaft; eine Einführung*, p. 199; T. SKOCPOL en M. SOMERS, "The uses of comparative history in macrosocial inquiry" in *Comparative Studies in Society and History*, 22, 1980, p. 178; C. TILLY, *Big structures, large processes, huge comparisons*, pp. 87-96; A.A. VANDENBRAEMBUSSCHE, "Historical explanation and the comparative method: towards a theory of the history of society" in *History and Theory*, 28, 1989, p. 13.
 14. T. SCHIEDER, *Geschichte als Wissenschaft; eine Einführung*, pp. 200-202.
 15. M. MANDELBAUM, "Some forms and uses of comparative history" in *American Studies International*, 18, 1980, p. 23.

universaliserende vergelyking.¹⁶ Uit hierdie kort bespreking blyk dit dat die skrywer van 'n vergelykende werk duidelikheid behoort te hê oor wat hy daarmee beoog. Wanneer aspekte van die geskiedenis van twee of meer lande met mekaar vergelyk word en verskille en ooreenkomste gevind word, moet ook verklaar word waarom die verskille en ooreenkomste daar is. In die geval van verskille kan daarmee volstaan word om aan te dui dat besondere faktore in een land aanwesig is wat nie in die ander bestaan nie en op hierdie wyse kan duideliker gesien word in watter opsigte bepaalde ontwikkelinge in 'n land uniek is en in watter nie. As dit gaan om ooreenkomste tussen twee gebeurtenisse of ontwikkelinge moet nagegaan word of die ooreenkomste die gevolg is van invloed van die een op die ander, of 'n gemeenskaplike invloed op die twee, of anders dat daar 'n bepaalde algemene reël of wet is wat vir albei gevalle geld. As daar byvoorbeeld bepaalde ooreenkomste tussen die Amerikaanse Vryheidsoorlog en die Franse Rewolusie gevind word, sou dit moontlik daartoe herlei kon word dat albei deur gemeenskaplike omstandighede, byvoorbeeld die Verligtingsdenke, beïnvloed is, soos dan ook deur Palmer¹⁷ en andere na vore gebring is. Indien daar ooreenkomste tussen die Franse Rewolusie en die Russiese Rewolusie gevind word, is dit meer waarskynlik dat dit teruggevoer kan word na die algemene eienskappe van rewolusies en daarmee na algemene reëls of norme waarvolgens historiese prosesse verloop.

Wanneer aspekte van die geskiedenis van net twee lande met mekaar vergelyk word, is dit moeiliker om die ooreenkomste te verklaar as wanneer 'n groter getal lande vergelykend bestudeer word. Dit is immers selde die geval dat ontwikkelinge in slegs twee lande saam 'n groter samehang vorm. Indien daar, byvoorbeeld, bepaalde ooreenkomste ten opsigte van Suid-Afrika en Australië gevind sou word wat die gevolg is van die Britse koloniale beleid wat in beide lande toegepas is, dan sou dieselfde ooreenkomste waarskynlik ten opsigte van ander Britse kolonies soos Kanada en Nieu-Seeland gevind kan word. As dit gaan om 'n algemene reël of norm, byvoorbeeld dat daar verskillende fases in die verloop van rewolusies voorkom, is 'n studie van slegs twee rewolusies nie voldoende om kennis van so 'n historiese norm te bekom nie. Daar kan dus verwag word dat in die geval van vergelykende werke wat net oor twee lande handel, dit eerder om die vind van verskille as van ooreenkomste sal gaan. Daarom word hieronder eers gelet op studies waarin aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met dié van een ander

16. T. SCHIEDER, *Geschichte als Wissenschaft; eine Einführung*, pp. 191-199; P. DE KLERK, *Geskiedenisvergelyking. Die gebruik van vergelykende metodes wat gerig is op generalisasie in die geskiedkunde*, pp. 89-94; C. TILLY, *Big structures, large processes, huge comparisons*, pp. 97-115; A.A. VANDENBRAEMBUSSCHE, "Historical explanation and the comparative method: towards a theory of the history of society" in *History and Theory*, 28(1), 1989, p. 13.

17. R.R. PALMER, *The age of democratic revolution; a political history of Europe and America, 1760-1800*, (Princeton University Press, Princeton, 1964-1969).

land vergelyk word en daarna op werke waar Suid-Afrika met twee of meer lande vergelyk word.

3. Vergelykende studies van Suid-Afrika en een ander land

In die oorgrote meerderheid studies in hierdie kategorie word aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met dié van die VSA vergelyk. In 1893 het die bekende Amerikaanse historikus F.J. Turner 'n voordrag getiteld "The significance of the frontier in American history" gelewer, waarin hy die beskouing na vore gebring het dat die geleidelike uitbreiding van die Amerikaanse wesgrens en die ervaring van die koloniste in die steeds verskuwende grensgebied 'n wesenlike invloed gehad het op die aard van die samelewings wat uiteindelik in die VSA tot stand gekom het.¹⁸ Talle werke is na aanleiding van hierdie beskouing of hipotese geskryf en dit is ook op ander lande en samelewings toegepas. M. Boucher, 'n Suid-Afrikaanse historikus, het reeds in 1968 'n werk gelewer waarin hy die verhouding tussen die grensgebied ("frontier") en godsdiens in beide die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis ondersoek.¹⁹ Hy neem Turner se teorie as uitgangspunt en wil aandui watter rol godsdiens in die vorming van besondere eienskappe by die twee samelewings gespeel het. Hy beperk hom tot die eerste helfte van die negentiende eeu en bekyk dan eers in drie hoofstukke die rol van die godsdiens aan die Kaapse oosgrens en ook tydens die Groot Trek. In twee verdere hoofstukke word die invloed van die Protestantse godsdiens in die Amerikaanse grensgebied en ook die vroeë geskiedenis van die Mormone behandel. Hy toon goed aan dat godsdiens 'n besondere rol gespeel het in die twee pioniersamelewings en 'n "relapse into barbarism"²⁰ verhinder het, hoewel hy nie die eerste historikus is om dit na vore te bring nie. In die slothoofstuk word vergelykinge gedoen en veral die verskille tussen ontwikkelinge in die twee lande uitgewys en verduidelik. Die waarde van die werk lê myns insiens dan ook veral daarin dat, deur twee ontwikkelinge wat in baie opsigte soortgelyk is naas mekaar te stel, die besondere kenmerke van elk duideliker na vore kom.

Die tweede vergelykende studie oor die "frontier"²¹ is 'n versamelwerk waaraan 'n hele aantal Amerikaanse en Suid-Afrikaanse historici saamgewerk het. Die werk is in vyf afdelings ingedeel. Vier van die afdelings handel oor

18. M. BOUCHER en G.C. CUTHLBERTSON, Boekbespreking: "H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*" in *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 15, 1983, p. 137.
19. M. BOUCHER, "The frontier and religion" in *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 31(2), 1968, pp. 1-113.
20. *Ibid.*, p. xiii.
21. H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*.

aspekte van ontwikkelinge in die grensgebiede: algemene fases en prosesse wat onderskei kan word; politieke ontwikkelinge; sosiale en ekonomiese prosesse; en die rol van die godsdienst. Elke afdeling bevat twee hoofstukke, deur verskillende skrywers, waarin die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis afsonderlik behandel word. Dit is slegs in die eerste afdeling asook in die epiloog dat daar werklik vergelyking gedoen word. In die eerste hoofstuk verlaat die twee redakteurs dat hulle besef dat 'n studie van die grensgebiede in twee lande nie toereikend is om 'n "single, systematic model of the frontier throughout history"²² op te bou nie. Hulle meen tog dat, aangesien twee "subspecies of the frontiers created by the expansion of Europe"²³ vergelyk word, op grond daarvan bepaalde hipoteses oor grensgebiede wat deur Europese ekspansie tot stand gebring is, gemaak kan word. Een so 'n hipotese is dat die Europeërs in die grensgebiede slegs beheer verkry het oor die inheemse gemeenskappe deur interne verskille tussen hulle uit te buit. As dit slegs as 'n hipotese gestel word, kan daar moeilik fout mee gevind word. Eers as die ander grensgebiede wat deur Europese ekspansie ontstaan het (Suid-Amerika, Australië, Siberië) bestudeer word, sou dit moontlik wees om so 'n hipotese te bevestig. In die epiloog word daar gepoog om enkele gevolgtrekkinge te maak ten opsigte van grenssituasies in Ierland, Israel en Iran.²⁴ Hier blyk dit weer dat die grensgebied as 'n algemene historiese verskynsel beskou word en nie net as 'n spesifieke verskynsel wat saamhang met Europese ekspansie vanaf die sestiende eeu nie. Die metode wat in die boek gevolg word, naamlik om 'n vergelyking te doen tussen grensgebiede in twee lande, kan nie lei tot gevolgtrekkinge wat op enige moontlike grenssituasie in die wêreldgeskiedenis betrekking het nie. Daar word dus soms in die boek gespekuleer oor sake waaroor daar, op grond van die navorsing wat gedoen is, nie met gesag uitsprake gemaak kan word nie.²⁵ Daar is egter tog gevolgtrekkings, veral wat die verskille tussen die twee lande betref,²⁶ wat goed gemotiveerd en beslis van waarde is.²⁷

22. *Ibid.*, p. 12.

23. *Ibid.*

24. *Ibid.*, pp. 312-313.

25. Kyk M. BOUCHER en G.C. CUTHBERTSON, Boekbespreking: "H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*", in *Suid-Afrikaanse Historiese joernaal*, 15, 1983, pp. 137-138.

26. Sien byvoorbeeld H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*, pp. 15, 26-40, 308-310.

27. C. BUNDY, "South Africa's American analogues" in *Journal of African History*, 25(1), 1984, p. 100; R. Rotberg, Boekbespreking: "H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*" in *American Historical Review*, 89, 1984, pp. 84-85.

J.O. Gump²⁸ se vergelykende studie oor die onderwerping van die Sioux en die Zulu kan as ‘n verdere bydrae tot die vergelykende studie van die “frontier” beskou word.²⁹ Gump verklaar dat die hoofdoel van sy werk is om kritiek te lewer op historici wat die unieke aard van die Amerikaanse geskiedenis beklemtoon, maar, anders as byvoorbeeld Cell,³⁰ wie se studie in ‘n latere paragraaf bespreek word, gee hy ongeveer ewe veel aandag aan Amerika en Suid-Afrika. In ses van sy agt hoofstukke plaas hy telkens die geskiedenis van die Sioux en die Zulu naas mekaar ten opsigte van ‘n bepaalde aspek, onder meer hoe albei deur uitbreiding van Westerse koloniste beïnvloed is, dat daar in albei gevalle ‘n vorm van samewerking tussen die inheemse groepe en die koloniste ontstaan het en hoe die Sioux en die Zulu albei uiteindelik deur die koloniserende groepe onderwerp is. Hy lê klem op die ooreenkoms tussen die geskiedenis van die twee groepe,³¹ maar probeer nie om die ooreenkoms verder te verklaar nie. Hy bespreek wel Britse en Amerikaanse gebiedsuitbreiding as vorme van Westerse imperialisme, maar toon nie aan nie dat die uitbreiding van blanke samelewings in Amerika en Suid-Afrika deel was van die groter historiese verskynsel van Westerse ekspansie buite Europa en dat daar ten opsigte van die wyse waarop die interaksie tussen Westerlinge en inheemse groepe plaasgevind het, bepaalde elemente was wat wêreldwyd voorgekom het. Hy probeer ook nie bepaal in hoeverre die lotgevalle van die Sioux en die Zulu met dié van, byvoorbeeld, Indiaanse stamme in Suid-Amerika en die Maori in Nieu-Seeland ooreenkom nie.

Die Amerikaanse historikus G.M. Fredrickson het ‘n belangrike bydrae tot die vergelykende geskiedskrywing gelewer met twee werke oor die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik *White supremacy* en *Black liberation*. Soos die titels aandui, kan die tweede werk as ‘n vervolg op die eerste een beskou word.³²

Fredrickson se eerste boek het heelwat aandag getrek en ook groot lof van historici ontvang.³³ Volgens die inleiding tot die werk wou hy daarmee materiaal verskaf vir wetenskaplikes wat prosesse van etniese en rassestratifikasie bestudeer, maar verder veral probeer om meer lig te werp

-
28. J.O. GUMP, *The dust rose like smoke: the subjugation of the Zulu and the Sioux*.
 29. G.M. FREDRICKSON, Boekbesprekking: “J.O. GUMP, *The dust rose like smoke: the subjugation of the Zulu and the Sioux* in *Journal of Social History*, 30, 1997, p. 982.
 30. J.W. CELL, *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South*.
 31. E. YORKE, “The Comparative method” in *Journal of African History*, 36(2), 1995, p. 325.
 32. G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*, p. 3.
- S. MARKS, “White supremacy. A review article” in *Comparative Studies in Society and History*, 29(2), 1987, p. 386; H. BROGAN, Boekbesprekking: “G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*”, in *Journal of Southern African Studies*, 24(2), 1998, p. 460.

op die ontwikkeling van blanke oorheersing in beide lande.³⁴ Sy boek bevat dan ook geen algemene gevolgtrekkinge nie en die konklusies in elke hoofstuk behoort dus afsonderlik bekyk te word. Soos hy self aandui, vergelyk hy soms net ontwikkelinge in sekere dele van Suid-Afrika met dié in sekere gebiede in die VSA (veral die suidoostelike dele) en by die vergelyking van die blanke koloniste se verhoudinge met ander groepe word nie baie konsekwent opgetree nie. In die eerste hoofstuk gaan dit om verhoudinge met, onderskeidelik, die Amerikaanse Indiane en die Khokhoi en in die tweede hoofstuk oor die slawe in albei lande, terwyl in latere hoofstukke die Afro-Amerikaners soms naas die Suid-Afrikaanse Kleurlinge en soms naas die swartmense ten opsigte van hul verhouding met die blankes geplaas word.³⁵ Die boek beslaan ses hoofstukke, waarin telkens 'n besondere onderwerp vergelykend bekyk word: blanke vestiging en die onderwerping van inboorlinge; slawerny; rassemenging en die kleurskeidslyn; onafhanklikwording met oppergesag vir die blankes; nywerheidsonontwikkeling, blanke arbeid en rassediskriminasie; segregasiemaatreëls. Hy bestudeer dus aspekte waar daar parallelle tussen die twee lande bestaan en kom dan, in elke hoofstuk, na 'n uitgebreide behandeling van die ontwikkelinge in die twee lande, tot 'n konklusie oor hoe sterk of swak die ooreenkomste in elke geval is. Hy is hoofsaaklik geïnteresseerd in die verskille wat te midde van die basiese ooreenkomste bestaan,³⁶ en dit is hierdie uitlig van verskille wat die boek veral insiggewend maak. In hoofstuk 3 dui hy byvoorbeeld aan dat daar in die VSA van die begin af 'n sterk negatiewe houding by die blanke koloniste teenoor rassemenging bestaan het terwyl daar in die Kaapkolonie tot in die agtende eeu 'n meer "permissiewe" benadering was. Hy gaan dan na wat die oorsake vir die verskillende patronne is.³⁷ Aan die ander kant toon hy aan dat daar na die begin van industrialisasie in Suid-Afrika 'n wetlik vasgelegde kleur slagboom ontwikkel het, maar dat sake in die VSA in hierdie verband anders verloop het. Ook die redes vir hierdie verskille word ontleed.³⁸

Die tweede boek, *Black liberation*, is gefokus op 'n enger onderwerp, naamlik swart ideologieë. Soos in die vorige werk is daar nie 'n slothoofstuk

34. G.M. FREDRICKSON, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, p. xxiv.

35. *Ibid.*, p. xx.

36. G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*, p. 5; Kyk B. Freund, Boekbespreking: "G.M. FREDRICKSON, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*", in *Journal of Southern African Studies*, 8, 1981, p. 271; S. MARKS, "White supremacy. A review article", in *Comparative Studies in Society and History*, 29(2), 1987, p. 386; R. GREENSTEIN, "The study of South African society: towards a new agenda for comparative historical inquiry", in *Journal of Southern African Studies*, 20(4), 1994, p. 647.

37. G.M. FREDRICKSON, *White supremacy. A comparative study in American and South African history*, pp. 124-129.

38. *Ibid.*, pp. 234-238.

waar tot 'n aantal duidelike konklusies gekom word nie, en word in elke hoofstuk 'n bepaalde aspek van die tema behandel. Daar is byvoorbeeld aparte hoofstukke wat handel oor die rol van Ethiopiese Christenbewegings, Pan-Afrikanisme, kommunisme en swart bewussynstrewes in die twee lande. In die verskillende hoofstukke word daar nie baie eksplisiete vergelyking gedoen nie, sodat in hierdie boek uiteindelik nie veel meer gedoen word as om aspekte van die geskiedenis van die twee lande wat in bepaalde opsigte met mekaar ooreenkomm, naas mekaar te behandel nie. Die werk bevat eintlik twee verhale wat met mekaar verstrengel word eerder as werklike vergelyking.³⁹

Een van die temas waaraan Fredrickson in sy eerste boek aandag gee, naamlik rassesegregasie in die VSA en in Suid-Afrika, word deur J.W. Cell meer uitgebreid behandel.⁴⁰ Hoewel Cell se eerste twee hoofstukke oor die verskynsel van segregasie handel, word die ontwikkelinge in die Amerikaanse Suide en in Suid-Afrika daarna in aparte hoofstukke bespreek en baie min direkte vergelyking gedoen. Sy werk is hoofsaaklik 'n parallelle behandeling van die geskiedenis van twee lande, wat daartoe bydra om die geskiedenis van albei duideliker te belig, maar waar die ooreenkomste en verskille tussen die twee nie dieper ontlig en verklaar word nie. Daar word bowendien heelwat meer aandag gegee aan die VSA as aan Suid-Afrika, en dit is hoofsaaklik ten opsigte van Amerikaanse segregasie dat hy met nuwe insigte na vore kom.⁴¹ In 'n groter mate as die werke wat hierbo bespreek is, kan Cell se studie gesien word as 'n poging om die Suid-Afrikaanse geskiedenis te gebruik om 'n nuwe interpretasie van aspekte van die Amerikaanse geskiedenis te bied. Hy voer aan dat segregasie in die VSA en in Suid-Afrika 'n unieke sisteem en ideologie was wat in geen ander land bestaan het nie. Daar word geen vergelykende studie gedoen ten opsigte van ander lande waar daar verskynsels voorgekom het wat in sekere opsigte met segregasie ooreenstem, wat nodig sou wees om sy stelling te staaf nie.

In 1995 het daar, benewens Fredrickson se *Black liberation*, nog 'n boek verskyn waarin aspekte van die Amerikaanse en die Suid-Afrikaanse geskiedenis met mekaar vergelyk word. In 'n beknopte werk (120 bladsye) behandel W. Beinart en P. Coates "the taming of nature in the USA and

-
39. F. COOPER, "Race, ideology, and the perils of comparative history", in *American Historical Review*, 101(4), 1996, pp. 1134-5; H. BROGAN, Boekbespreking: "G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*", in *Journal of Southern African Studies*, 24(2), 1998, p. 461
40. J.W. CELL, *The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South*.
41. C. BUNDY, "South Africa's American analogues", in *Journal of African History*, 25(1), 1984, p. 100; F. Johnstone, Boekbespreking: "J.W. CELL, The highest stage of white supremacy. The origins of segregation in South Africa and the American South", in *Journal of Southern African Studies*, 11(1), 1984, pp. 166-167 S. MARKS, "White supremacy. A review article", in *Comparative Studies in Society and History*, 29(2), 1987, pp. 395-397.

South Africa,” soos die subtitel lui.⁴² Die metode waarop die geskiedenis van die twee lande in hierdie boek vergelyk word, verskil van al die werke wat hierbo bespreek is. Naas ‘n inleidende gedeelte is daar vyf hoofstukke wat onderskeidelik handel oor: jag en wildbewaring; bosbou; landbou; natuurreservate; en omgewingsbewustheid. Daar is ‘n tematiese indeling en in elke hoofstuk word die geskiedenis van albei lande saam behandel, en soms word in dieselfde paragraaf na albei lande verwys. Hierdie benadering lei daartoe dat die indruk geskep word dat die omstandighede in die twee lande min of meer dieselfde is. Kleiner verskille word aangedui, maar die invloed van ingrypend verskillende omstandighede ten opsigte van, veral die grootte van die totale bevolking, die grootte van dié deel van die bevolking wat ‘n bestaansekonomie beoefen het en die rol van verstedeliking, word nie goed na vore gebring nie.⁴³

J. Novek toon aan dat daar baie parallelle tussen die geskiedenis van die Afrikaners en die Franssprekende Kanadese bestaan⁴⁴. Hy probeer veral aandui dat soortgelyke omstandighede tot die ontwikkeling van nasionalisme onder hierdie twee groepe geleid het. In twee inleidende hoofstukke verwys hy na enkele teorieë wat as hipoteses in sy historiese ondersoek gebruik word. Die volgende drie hoofstukke bevat ‘n historiese oorsig waarin telkens eers Kanada en dan Suid-Afrika behandel word. In sy slothoofstuk doen hy dan, soos hy dit self stel, ‘n teoretiese reinterpretasie van die geskiedenis. Na aanleiding van veral D. Apter⁴⁵ se teorie van politieke sisteme probeer hy aantoon dat in die geskiedenis van sowel die Afrikaners as die Frans-Kanadese twee hooffases onderskei kan word, wat albei dan weer onderverdeel kan word in ‘n tydperk van mobilisasie en rekonsiliasie. Wat die Afrikaner betref, sien hy die tydperk 1820-1902 as ‘n tyd van mobilisasie, 1902-1933 as rekonsiliasie, 1934-1943 dan weer as mobilisasie en 1943-1960 as rekonsiliasie. Hierdeur kom die ooreenkomste tussen die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme en Frans-Kanadese nasionalisme nog duideliker na vore. Met hierdie sterk teoretiese benadering word die geskiedenis egter in ‘n mate verwring om in die skema te pas. Apter se teorie dien dus om die ooreenkomste tussen die ontwikkelinge in Suid-Afrika en Kanada te verklaar. Daar word nie nagegaan of sommige van die ooreenkomste verklaar kan

-
42. W. BEINART en P. COATES, *Environment and history. The taming of nature in the USA and South Africa*.
43. S. Flader, Boekbespreking: “W. BEINART en P. COATES, *Environment and history. The taming of nature in the USA and South Africa*”, in *American Historical Review*, 102(5), 1997, pp. 1452-1453; E.I. Steinhart, Boekbespreking: “W. BEINART en P. COATES, *Environment and history. The taming of nature in the USA and South Africa*”, in *Journal of African History*, 38(2), 1997, p. 316.
44. J. NOVEK, *Cooperation and conflict in dual societies: a comparison of French Canadian and Afrikaner nationalism*.
45. D. APTER, *Some conceptual approaches to the study of modernization* (Prentice-Hall, Englewood Cliffs, NJ, 1968).

word deur die gemeenskaplike invloed van Britse imperialisme op die twee groepe nie.

G.W. Seidman se werk oor militante werkersbewegings in Brasilië en Suid-Afrika, gedurende die jare 1970 tot 1985,⁴⁶ is ‘n vergelykende studie in eietydse geskiedenis. Sy het die arbeidersbewegings in Brasilië en Suid-Afrika gekies omdat hulle albei besonder militant was⁴⁷ en wou verklaar waarom dit, in twee uiteenlopende situasies, die geval was. Ontwikkelinge in die twee lande word telkens naas mekaar bespreek in hoofstukke wat handel oor verskillende aspekte van die onderwerp. Die verskille en ooreenkomsste word duidelik aangedui. Sy probeer ook om ‘n verklaring vir die ooreenkomsste te vind in algemene teorieë oor industrialisasie. Aan hierdie verklaring word egter slegs enkele bladsye gewy⁴⁸ en, hoewel kortlik gewys word op ontwikkelinge in Suid-Korea, gaan sy nie werklik na of haar verklaring geld vir alle lande waarin daar dieselfde agtergrondsomstandighede was wat (volgens haar) deurslaggewend is om die besondere kenmerke van die twee werkersbewegings te verklaar nie. Haar vergelykende studie van twee gevalle is nie voldoende om die geldigheid van ‘n algemene teorie te bewys nie en die waarde van die vergelyking bly hoofsaaklik dat dit help om die besondere geskiedenis van die werkersbewegings in die twee lande beter te verstaan.

‘n Omvattende vergelykende studie van Suid-Afrika en Israel, van die hand van R. Greenstein, het in 1995 verskyn.⁴⁹ Hoewel hierdie werk oorspronklik ‘n proefskrif vir die verkryging van ‘n graad in die Sosiologie was,⁵⁰ het dit ‘n baie sterk historiese inslag. Greenstein is hoofsaaklik daarop ingestel om na te gaan waarom dit algemeen aanvaar word dat die konfliktsituasies wat in die twee lande teen 1990 bestaan het, en wat op die oog af in baie opsigte ooreenkom, op verskillende maniere opgelos moet word. Terwyl daar ten opsigte van Israel en Palestina gesoek word na ‘n oplossing wat die totstandkoming van aparte state of politieke eenhede behels, is ‘n oplossing in Suid-Afrika gesoek (en gevind) binne ‘n enkele politieke raamwerk. Hy meen daarom dat besondere historiese prosesse in die twee lande, ten opsigte van die vorming van klasse, identiteite en state, bestudeer en met mekaar vergelyk moet word.⁵¹ In vier hoofstukke, waarvan twee handel oor die verhouding tussen koloniste en inboorlinge, veral wat betref grond en arbeid, en twee oor identiteitsvorming, nasionalisme en staatsvorming, word telkens

46. G.W. SEIDMAN, *Manufacturing militancy: workers' movements in Brazil and South Africa, 1970-1985*.

47. *Ibid.*, p. 265.

48. *Ibid.*, pp. 259-272.

49. R. GREENSTEIN, *Genealogies of conflict. Class, identity and state in Palestine/Israel and South Africa*.

50. *Ibid.*, p. 8.

Ibid., p. 3.

eers die geskiedenis van Israel en daarna dié van Suid-Afrika bespreek. Elk van die vier hoofstukke eindig met 'n afdeling waarin direkte vergelyking gedoen word. Op hierdie wyse word veral die verskille tussen die twee lande duidelik aangetoon. Hy kom tot 'n konklusie wat, baie kort saamgevat, inhoud dat, terwyl dit in Israel/Palestina moontlik was dat Jode en Arabiere aparte politieke instellinge kon vorm, die inheemse bevolking in Suid-Afrika tot so 'n mate op ekonomiese, sosiale en politieke gebied binne die struktuur wat deur die blanke koloniste gedomineer is, geïnkorporeer is dat die ontwikkeling van aparte state nie meer moontlik was nie.⁵² In die slohoofdstuk word enkele algemene gevolgtrekkinge gemaak ten opsigte van, onder meer, klasseverhoudinge en identiteitsvorming. Hy meen egter dat sy onderzoek in besonder na vore bring het dat historiese perspektief nodig is om hierdie verskynsels te verstaan.⁵³ Die waarde van hierdie studie vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dan ook hoofsaaklik daarin geleë dat die vergelyking met Israel die besondere aard van historiese ontwikkelinge in Suid-Afrika skerper belig. Dit bly tog 'n vraag of die uitgebreide behandeling wat 300 bladsye beslaan nodig was om uiteindelik verskille te vind en met verklarings daarvoor te kom wat reeds uit 'n baie oppervlakkige vergelyking van die twee lande se geskiedenis duidelik is.

4. Vergelykende studies van Suid-Afrika en twee of meer lande

Soos reeds in die inleiding aangedui, het L. Hartz met sy *The founding of new societies* (1964) baanbrekerswerk ten opsigte van die vergelykende bestudering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedoen. Hy is 'n politieke wetenskaplike, maar verskeie historici, onder wie L.M. Thompson, 'n spesialis op die gebied van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, het hoofstukke tot die boek bygedra. Hartz se oogmerk is "to present a theory of five societies created by European migration in modern times".⁵⁴ Die samelewings is dié van die VSA, Latyns-Amerika, Suid-Afrika, Kanada en Australië. Hy probeer onder meer aantoon dat die vyf samelewings fragmente van die Europese samelewing verteenwoordig:

(W)hen a part of the European nation is detached from the whole of it, and hurled outward into new soil, it loses the stimulus towards change that the whole provides, it lapses into a kind of immobility. Nor does it matter what stage of European history the part embodies, whether it is feudal, as in Latin America and

52. K.W. GRUNDY, Boekbespreking: "R. GREENSTEIN, Genealogies of conflict. Class, identity and state in Palestine/Israel and South Africa", in *American Historical Review*, 102, 1997, p. 786.

53. R. GREENSTEIN, *Genealogies of conflict. Class, identity and state in Palestine/Israel and South Africa*, p. 267.

54. L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies*, p. vii.

French Canada, bourgeois as in the United States, Dutch South Africa and English Canada, or actually radical ...as in Australia and British South Africa.⁵⁵

Terwyl Hartz probeer aantoon hoe hierdie teorie op die VSA toegepas kan word, skryf ander outeurs oor Latyns-Amerika, Suid-Afrika, Kanada en Australië, maar dit is duidelik dat hulle self nie Hartz se teorie geheel en al aanvaar nie. Thompson meen byvoorbeeld dat die Voortrekkers nie die liberale waardes van die sewentiende-eeuse Europese samelewing verteenwoordig nie, direk in stryd met Hartz se teorie.⁵⁶

Hartz verduidelik nie of die ooreenkoms wat hy tussen die verskillende samelewings vind, steeds herlei kan word na die gemeenskaplike Europese immigrasieprosesse, byvoorbeeld na die feit dat baie van die voorouers van die Amerikaners sowel as van die Afrikaners in die sewentiende eeu uit Noordwes-Europa geëmigreer het nie, of dat dit gaan om algemene reëls wat geld by historiese prosesse nie. In 'n ander publikasie⁵⁷ verklaar hy dat sy teorie ook toegepas kan word op samelewings in ander historiese periodes, byvoorbeeld, dié van die twaalfde-eeuse Normandiërs in Engeland en Sisilië. Die prosedure wat hy en sy medewerkers volg, lei geensins daartoe dat die algemene geldigheid van sy teorie deur historiese navorsing bevestig word nie en ook nie daartoe dat die toepasbaarheid daarvan op Suid-Afrika bewys of selfs goed geillustreer word nie.⁵⁸

Daar het twee studies verskyn waarin aspekte van die geskiedenis van die vier Britse setlaarskolonies en latere dominiums, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika, met mekaar vergelyk word. Die Amerikaanse historikus R.A. Huttenback se *Racism and empire* handel oor die verhouding tussen blanke koloniste en gekleurde immigrante gedurende die jare 1830-1910 in die vier selfregerende kolonies. In die eerste vier hoofstukke word verskillende aspekte van hierdie verhouding ondersoek, en in elke hoofstuk word ontwikkelinge in die vier lande in aparte gedeeltes bespreek. Daar word egter nie ewe veel aandag aan elke land gegee nie. Die meeste bladsye (ongeveer die helfte van die boek) word aan Australië gewy, minder as 'n kwart elk aan Kanada en Suid-Afrika en net enkele bladsye aan Nieu-Seeland. Hierbenewens skryf hy ten opsigte van Kanada hoofsaaklik oor ontwikkelinge in Brits-Columbië en ten opsigte van Suid-Afrika veral oor Natal. Hy

55. *Ibid.*, pp. 3-4.

56. L.M. THOMPSON, "The South African dilemma" in L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies*, p. 215.

57. L. HARTZ, "American historiography and comparative analysis: further reflections", in *Comparative Studies in Society and History*, 5, 1963, pp. 365-377.

58. Kyk ook die kritiek van B.J. Loewenberg in sy Boekbespreking: "L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies*", in *American Historical Review*, 71, 1966, pp. 122-123, asook C.E. Nowell, Boekbespreking: "L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies*", in *Journal of Modern History*, 38, 1966, pp. 86-87.

behandel die onderwerp op ‘n oorwegend kronologies-verhalende wyse. Daar is dus geen sistematiese vergelykende analise van die verhoudinge in die verskillende kolonies nie.⁵⁹ Tog kom belangrike ooreenkomste en verskille tussen die vier lande na vore. Hy konsentreer hoofsaaklik op die ooreenkomste, en skryf dié veral, miskien te maklik, toe aan ‘n gevoel van rassemeeerdeerwaardigheid wat in die negentiede eeu in Brittanje ontwikkel het en deur Britse setlaars na die kolonies uitgedra is,⁶⁰ asook aan gemeenskaplike beleidsmaatreëls van die Britse Ministers van Kolonies en hul amptenare.⁶¹ Hoewel hy erken dat ‘n meerderwaardigheidsgevoel ook onder koloniste uit ander Europese lande bestaan het,⁶² probeer hy nie vasstel in hoeverre die ontwikkelinge in die Britse kolonies met dié in, byvoorbeeld, die Franse kolonies ooreenkoms nie. Huttenback se werk is ‘n voorbeeld van sintetiserende of genetiese vergelyking en toon aan dat Suid-Afrika wat negentiede-eeuse rasverhoudinge betref, deel vorm van die groter patroon wat in die Britse kolonies te vinde was. Sy werkswyse bring egter nie baie goed na vore in hoeverre daar gemeenskaplike elemente was en in watter opsigte die verskillende Suider-Afrikaanse kolonies van mekaar en van ander Britse kolonies verskil het nie.

In ‘n vergelykende studie oor die opkoms van “koloniale nasionalisme” in Australië, Nieu-Seeland, Kanada en Suid-Afrika in die periode 1880-1914⁶³ word ‘n boek van iemand wat self hierdie gebiede aan die begin van die eeu besoek het⁶⁴ as uitgangspunt geneem en krities bekijk. Die studie van Eddy en Schreuder is ‘n versamelwerk met aparte hoofstukke oor die vier kolonies (asook ‘n hoofstuk oor Ierland), elk deur ‘n verskillende skrywer. Dit bring mee dat die ooreenkomste en verskille tussen die ontwikkelinge in die vier kolonies nie baie skerp aangedui word nie. Dit kom tog uit die werk, en veral uit die inleidende hoofstuk oor die Britse Ryk in die vroeë twintigste eeu, na vore dat verskeie faktore daartoe gelei het dat ‘n strewe na groter selfstandigheid aan die begin van die eeu onder die blanke inwoners van hierdie lande ontstaan het. Ter inleiding word baie kortlik oor koloniale nasionalisme as ‘n algemene verskynsel geskryf sonder om na te gaan of dit net in die Britse Ryk of ook in kolonies van ander lande voorgekom het. Die werk, soos dié van Huttenback, toon tog aan dat bepaalde ontwikkelinge in

-
59. J. WRIGHT, Boekbespreking: “R.A. HUTTENBACK, *Racism and empire. White settlers and colored immigrants in the British self-governing colonies, 1830-1910*” in *Journal of African History*, 19, 1978, p. 308.
60. R.A. HUTTENBACK, *Racism and empire. White settlers and colored immigrants in the British self-governing colonies, 1830-1910*, p. 15.
61. *Ibid.*, p. 162.
62. *Ibid.*, p. 326.
63. J. EDDY en D. SCHREUDER (Reds.), *The rise of colonial nationalism. Australia, New Zealand, Canada and South Africa first assert their nationalities, 1880-1914*.
64. R. JEBB, *Studies in colonial nationalism* (Arnold, Londen, 1905).

die vier Britse kolonies in die vroeë twintigste eeu inskakel by ‘n groter samehang van gebeure binne die Britse Ryk.

Van D. Denoon het in 1983 ‘n boek verskyn waarin ontwikkelinge gedurende die periode 1890-1914 in ses lande, naamlik Argentinië, Chili, Uruguay, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland, vergelykend behandel word.⁶⁵ In hierdie lande, waarin koloniste uit Europa die ekonomiese beheer het, was daar veel groter ekonomiese voorspoed as in hul buurlande met ‘n hoofsaaklik inheemse bevolking. Hy probeer die redes hiervoor vasstel deurveral ooreenkomste in die ses “setlaarsamelewings” van die suidelike halfrug na te gaan. Sy hoofstukindeling is hoofsaaklik tematies en in elke hoofstuk word die ontwikkelinge in elke land net in enkele bladsye bespreek en verder vergelykende gedoen. Hy toon onder meer aan dat daar in al ses lande Europese vestiginge in redelik dun bevolkte gebiede was en dat die koloniste aanvanklik veral veeteelt op ‘n kommersiële basis beoefen het. Al hierdie samelewings was op Brittanje aangewese vir kapitaal en vir hul in- en uitvoere. Ten spye van hierdie afhanklikheid was daar indrukwekkende ekonomiese ontwikkeling. Hy maak sy gevolgtrekkinge na uitgebreide besprekking van moontlike faktore en van toepaslike ekonomiese teorieë en bied nie, soos Hartz, ‘n omvattende teorie oor die ontwikkeling van samelewings wat deur Europese koloniste tot stand gebring is aan nie. Deur net die ooreenkomste tussen die ses “setlaarsamelewings” te ondersoek en hulle nie met die samelewings in buurlande te vergelyk nie, kan hy egter nie werklik die oorsake vir die verskil in ontwikkelingspeil vasstel nie. Hy lê ook te veel klem op die ontwikkeling van ‘n besondere ekonomiese stelsel in dié lande en te min op die rol van die koloniste se Westerse agtergrond, veral wat betref ekonomiese ingesteldheid en prakteke.⁶⁶ Sy werk is tog insiggewend deurdat hy die invloed van gemeenskaplike faktore, wat veral voortvloeи uit die Europese kolonisasieproses van ander wêrelddele sedert die sestiente eeu, op die ses lande na vore bring.

Die resente werk van A.W. Marx⁶⁷ is eerder ‘n vergelykende studie in die politieke wetenskap as in die vergelykende geskiedkunde, soos die skrywer self ook verklaar.⁶⁸ Aangesien dit ‘n sterk historiese inslag het, word dit tog kortlik bespreek. Die sentrale tema van sy boek is die invloed van die rasselfaktor op die totstandkoming en karakter van moderne nasiestate. Hy

65. D. DENOON, *Settler capitalism. The dynamics of dependent development in the Southern hemisphere*.

66. D. Kennedy, “The expansion of Europe. Review Article”, in *Journal of Modern History*, 59(2), 1987, pp. 341-342; W. Woodruff, Boekbesprekings: “D. DENOON, *Settler capitalism. The dynamics of dependent development in the Southern hemisphere*”, in *American Historical Review*, 90, 1985, p. 110.

67. A.W. MARX, *Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil*.

68. *Ibid.*, p. 14.

doen 'n deeglike vergelykende studie van Suid-Afrika, die VSA en Brasilië deur binne elk van sy drie hoofafdelings afsonderlike hoofstukke of onderafdelings aan aspekte van die geskiedenis van elke land te wy, wat dan telkens deur 'n samevattende hoofstuk gevvolg word waarin direkte vergelyking gedoen word. Hy toon aan dat, hoewel daar op die oog af groot verskille tussen Suid-Afrika en die VSA enersyds en Brasilië andersyds is, deurdat daar in eersgenoemde twee lande vir 'n lang tyd wetlike rassesegregasie bestaan het en in Brasilië nie, daar tog ook belangrike ooreenkomste tussen die drie lande is. In al drie lande is die swart meerderheid of minderheid polities gemarginaliseer. In Brasilië is dit gedoen deur 'n stelsel te skep wat die skyn van 'n rassedemokrasie bied, maar dit in werklikheid nie is nie⁶⁹. Hy probeer nie aandui of sy konklusies ook geld vir ander lande met rasverskille, soos die ander Suid-Amerikaanse lande nie. Een van die redes van sy keuse van die drie lande is dat daar in al drie groot groepe mense van Afrika-oorsprong is.⁷⁰ Moes hy nie huis ook lande met groot groepe mense van Indiaanse oorsprong, soos Argentinië en Peru, ingesluit het ten einde konklusies met algemene geldigheid te bereik nie? Marx bied tog nuwe perspektiewe op die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hy toon onder meer aan dat apartheid nie in alle opsigte so 'n uitsonderlike verskynsel is as wat soms gemeen word nie, maar gesien kan word binne 'n breër konteks van uitsluitingsmeganismes wat in die ontwikkeling van moderne gesentraliseerde state met groot rasverskille gebruik is.

5. Slotbeskouing

Dit blyk dat die vergelykende studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op baie verskillende maniere benader word. Die werke waarin aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met dié van een ander land vergelyk word, het nie, soos verwag is, primêr ten doel om die verskille tussen ontwikkelinge in Suid-Afrika en ander lande te belig nie. Dit is hoofsaaklik net Boucher, Fredrickson (*White Supremacy*) en Greenstein wat eers na vore bring dat daar bepaalde parallelle tussen ontwikkelinge in Suid-Afrika en 'n ander land bestaan en dan deur vergelyking die verskille wat daar tog te midde van die ooreenkomste is duidelik na vore bring en bespreek. Die ander skrywers is veral in die ooreenkomste geïnteresseerd, maar gaan nie diep genoeg in op die redes vir die ooreenkomste nie. Lamar & Thompson, Gump, Beinart & Coates en Fredrickson, in sy *Black Liberation*, volstaan hoofsaaklik daarmee

69. Kyk R.M. Levine, Boekbespreking: "A.W. MARX, Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil", in *American Historical Review*, 103(4), 1998, p. 1564; P.B. Rich, Boekbespreking: "A.W. MARX, Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil", in *Ethnic and Racial Studies*, 22(3), 1999, p. 624.

70. A.W. MARX, *Making race and nation. A comparison of South Africa, the United States and Brazil*, p. 6.

om die ooreenkomste aan te toon. In die meeste hoofstukke van Lamar & Thompson en Fredrickson se tweede boek word aspekte van die geskiedenis van Suid-Afrika en die VSA net naas mekaar geplaas en word eintlik parallelle geskiedenis geskryf eerder as werklike vergelyking gedoen. Novek en Seidman kom elk met 'n teorie na vore om die ooreenkomste te verklaar, maar hul vergelyking van slegs twee gevalle is nie voldoende om die teorieë te bewys nie, slegs om dit te illustreer. Cell gebruik die ooreenkomste wat hy vind om bepaalde interpretasies van die Amerikaanse geskiedenis te kritiseer.

In al die werke wat in die afdeling 4 bespreek is, word ooreenkomste tussen ontwikkelinge in Suid-Afrika en ander lande aangetoon en in mindere of meerdere mate na vore gebring dat bepaalde ontwikkelinge in Suid-Afrika deel vorm van groter patronen wat in 'n aantal lande gedurende dieselfde periode voorgekom het. Terwyl Huttenback en Eddy & Schreuder fokus op gemeenskaplike ontwikkelinge in die Britse kolonies, dui Hartz en Denoon bepaalde gemeenskaplikeheid aan ten opsigte van die setlaarskolonies wat deur verskillende Europese lande tot stand gebring is. Ook Marx se werk kan gesien word as 'n studie waarin aangedui word hoe twintigste-eeuse rasverhoudinge in Suid-Afrika binne die breër patroon van rasverhoudinge in state wat oorspronlik as Europese setlaarskolonies gestig is, inpas. Hoewel die werke verskeie metodologiese gebreke het, help hulle tog om 'n beter begrip te verkry van die groter ontwikkelinge waaraan Suid-Afrika deel gehad het. Dit blyk dat 'n studie wat gerig is op 'n beperkte onderwerp, soos dié van Eddy en Schreuder, van groter waarde is as byvoorbeeld die ambisieuse poging van Hartz wat so 'n wye veld probeer dek dat noukeurige vergelyking en wetenskaplike aanvaarbare konklusies feitlik nie moontlik is nie.

In sommige van die vergelykende studies wat in hierdie artikel bespreek is, is die vergelyking gedeeltelik daarop gerig om algemene teorieë te toets of kennis van algemene historiese prosesse te bekom. Die prosedure wat gevolg word in dié werke lei daartoe dat slegs aangedui word dat algemene reëls deur verdere studie gevind sou kan word ten opsigte van, byvoorbeeld, die immobiliteit van 'n koloniale kultuur teenoor dié van die moederland⁷¹ en die interaksie tussen koloniste en inboorlinge in grensgebiede.⁷² Daar word eintlik net hipoteses gestel en deur die bespreking van enkele voorbeelde aangetoon dat hul van waarde in die studie van soortgelyke historiese ontwikkelinge sou kon wees.

Al die werke wat hierbo bespreek is, lewer 'n bydrae om ons insig in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verruim. In sommige gevalle is die bydrae tog

71. L. HARTZ (Red.), *The founding of new societies*.

72. H. LAMAR en L.M. THOMPSON, (Reds.), *The frontier in history. North America and Southern Africa compared*.

maar baie beperk. Cooper⁷³ meen selfs dat Fredrickson se behandeling van swart bevrydingsbewegings in die VSA en Suid-Afrika⁷⁴ dalk van groter waarde sou gewees het as dit nie in die vorm van parallelle geskiedskrywing gedoen is nie. Wanneer daar nie vooraf deeglik besin word oor watter metodes gevvolg behoort te word om 'n bepaalde doel te bereik nie, kan dit lei tot die totstandkoming van 'n werk met ernstige metodologiese gebreke wat nie die tyd en energie regverdig wat daaraan bestee is nie.

Dit blyk tog dat vergelykende studie baie moontlikhede inhou vir die bestudering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Fredrickson se vergelyking van rasverhoudinge in die Kaapkolonie en die VSA gedurende die sewentienste en agtiende eeu⁷⁵ het verskille na vore gebring wat tevore nie duidelik raak gesien is nie en het beslis geleid tot beter insig in sosiale verhoudinge in die Kaapkolonie gedurende die Kompaniestydperk. Benewens meer studies wat die verskille in - op die oog af - soortgelyke situasies, soos die koloniale samelewings in Noord-Amerika en Suid-Afrika, na vore bring, lyk dit of vergelykende studies wat die groter samehange belang waarvan Suid-Afrikaanse ontwikkelinge deel vorm, veral van groot waarde kan wees. Dit blyk dat daar in hierdie verband eintlik nog maar min gedoen is. Daar is ruimte vir veel meer vergelykende studies oor Suid-Afrika en die ander Britse kolonies as dié wat reeds verskyn het. Vergelykende werke waarby Suid-Afrika en ander Afrikalande, veral lande in Suider-Afrika, betrek word, kan waarskynlik daartoe lei dat duideliker blyk watter ontwikkelinge in Suid-Afrika deel uitmaak van ontwikkelinge wat op 'n groter geografiese gebied as Suid-Afrika betrekking het. 'n Vergelykende studie van die geskiedenis van natuurbewaring waarin Suid-Afrika nie met die VSA vergelyk word nie, maar met enkele ander Afrikalande, sou byvoorbeeld van waarde kan wees om Suid-Afrika se plek binne die groter patroon van die ontwikkeling van natuurbewaring in Afrika na vore te bring.

Summary

South African history in comparative perspective - a methodological inquiry

Since the 1960's a number of academic studies have appeared which compare aspects of South African history with the history of other

73. F. COOPER, "Race, ideology, and the perils of comparative history", in *American Historical Review*, 101(4), 1996, p. 1134.

74. G.M. FREDRICKSON, *Black liberation. A comparative history of black ideologies in the United States and South Africa*.

75. *Ibid.*, pp. 94-135.

countries. In this article fifteen books are examined, especially with respect to the comparative methods used in these studies. It transpires that a wide variety of methods is used. Some of these methods are not well suited to the making of conclusions which have a high scientific value. The texts all contribute towards a better understanding of South African history, but in some cases the contribution is not very significant. The article nevertheless concludes that the study of South African history can benefit from comparative research in various ways. There certainly is room for more studies which show in which respect developments in South Africa differ from seemingly similar developments in other countries. Also, more extensive comparative research is needed on larger coherences of which particular developments in South Africa form part.